ORE OM GOD SE ALTERNATIEWE VERHAAL TE HOOR

Chris van Wyk
Frederick Marais

Bydrae aan die hand van 'n werkswinkel van die Seisoen van Luister by die Verantwoordelike Vernuwing konferensie by Stellenberg

'n Narratiewe benadering

Die afgelope paar dekades was daar 'n ontploffing in die belangstelling in narratiewe in 'n wye reeks van navorsingsdissiplines. Dit is onder andere gestimuleer deur die werk van Franse filosowe (Ricoeur *Time and Narrative*), linguistici (de Saussure) en strukturaliste (Barthes, Greimas). Dit is uitgebrei deur sosioloë (Berger) en later ook poststrukturalistiese narratiewe terapeute (Epston, White) en 'n wye reeks ander interdissiplinêre navorsing.

Een van die redes vir die wye aanvaarding van narratiewe as 'n navorsings- en lewensoriënteringsmetodiek is dat **verhale gesien word as 'n basiese menslike behoefte en strategie om sin te maak uit die impak en verloop van tyd, prosesse en verandering.**

Die voordeel van dié strategie is dat dit verder gaan as 'n blote "wetenskaplike" verklaring van gebeure na die **narratiewe betekenis** wat aan die gebeure gekoppel word.

In plaas daarvan om gebeure as toevallige insidente te verklaar wat deur universele wette beheer word en tot modelle gereduseer kan word, word gebeure op 'n storielyn met mekaar verbind ten opsigte van die betekenis daarvan vir die unieke identiteit en selfbewussyn van die karakters/storievertellers en as alternatiewe toekomsmoontlikhede ontgin.

Geen wonder dat daar nou reeds 'n geruime tyd in die sistematiese teologie en veral die praktiese teologie 'n herontdekking is van verhale en die impak wat dit maak op ons denke oor byna elke vlak van ons bestaan.

Hoewel dit ooreenkomste toon met die narratiewe metodieke wat reeds twee eeue lank deur die bibliologiese dissiplines van die Ou en Nuwe Testament gebruik word, bv die historiese-, genre- en vormkritiek, sluit dit eerder aan by die oer-oue menslike dissiplines van mondelinge oordrag, wat tot vandag toe in sekere voorgeletterde gemeenskappe gevolg word.

'n Verdere voordeel van die fokus op verhale, is dat verhale die **gemeenskaplike waardes** in 'n gemeente ontwikkel en ontbloot, waardeur 'n spesifieke wêreldbeeld tot stand kom en in stand gehou word. Dié waardes kom na vore in die uitsprake, praktyke en institusionele strukture wat in 'n gemeente as "diskoerse" funksioneer. In die proses van onthou vind re-**member**-ing plaas. Die oorvertel van verhale het

Een van die redes vir die wye aanvaarding van narratiewe as 'n navorsings- en lewensoriënteringsmetodiek is dat verhale gesien word as 'n basiese menslike behoefte en strategie om sin te maak uit die impak en verloop van tyd, prosesse en verandering.

tot gevolg dat die deelnemers uitgenooi word om deel te word van die verhalende gemeenskap omdat daar in die oorvertel van die verhaal 'n bevestiging van die waardes wat gemeeskaplik is plaasvind. Die teenoorgestelde is natuurlik ook waar nl dat indien 'n geloofsgemeenskap nalaat om hulle verhale oor te vertel 'n verbrokkeling van die gemeenskap die gevolg kan wees.

Deur die verhale op te diep en binne die dinamiek van verhoudings in 'n gemeente te vertel, kan standhoudende waardes bevestig word, stagnante waardes bevraagteken en versaak word, sowel as nuwe waardes ontwikkel word.

'n Belangrike perspektief op die metodiek, is dat 'n mens moet onthou dat jy hier primêr werk met die informasie wat mense in hulle geheues koester.

Maar die belangrikste voordeel van verhale is dat dit ons nie alleen help om terug te kyk nie, maar dat dit juis in die herroeping van die verhale van die verlede is, wat die **toekoms** raakgesien word.

Die hede – by implikasie die begrip oor wat ons in die hede ervaar en wat ons daarvan verstaan – staan onafwendbaar in interaksie met die verlede. Die hede word immers verstaanbaar gemaak met gereedskap en taal wat in die verlede ontstaan het. Dit is deur terug te kyk wat ons die hede verstaanbaar maak.

Anders gesê, dit is alleen met behulp van 'n historiese bewussyn wat ons werklik kan verstaan wat in die hede aan die gang is, wat ons "ore" ontwikkel om God se alternatiewe verhaal vir die hede te ontdek. Sonder 'n historiese bewussyn is ons in die hede afgesny van hierdie interpretasie gereedskapkis en is ons soos 'n drenkeling wat op 'n eiland afgesny van die gemeenskap onsself probeer verstaan. Deur die dissipline van storievertelling word die verlede geaktiveer as 'n hermeneutiese kragbron wat lig werp op die hede.

'n Praktiese metode

Een **praktiese manier** om deur storievertelling die toekoms in die verlede te ontdek – en al met baie vrug in tientalle gemeentes en sinodale groepe gebruik is – is wat Alice Mann noem: die skep van 'n *"History Grid"*. Dit is 'n metodiek om die roepingsverstaan van 'n gemeente/groep gelowiges uit die verhale uit die verlede te ontdek.

Alice het die metodiek eers gepubliseer in *Raising the Roof: The Pastoral to Program Size Transition* (hoofstuk 4 – Alban 2001) en nou ook saam met Gil Rendl in *Holy Conversations: Strategic Planning as Spiritual Practice for Congregations* (Bylaag N – Alban 2003 – Indien jy dié boek aankoop, kan jy dié bylaag elektronies aflaai by www.alban.org!)

'n Belangrike perspektief op die metodiek, is dat 'n mens moet onthou dat jy hier primêr werk met die informasie wat mense in hulle geheues koester. Die metodiek bring dus indrukke na vore – die betekenis wat mense aan sekere verhale en gebeure heg – en nie noodwendig akkurate feite nie.

Gaan as volg in jou gemeente met 'n groep (kerkraad- of gemeentekamp – hoe meer divers, hoe beter) te werk:

1. Skep vooraf 'n basiese storielyn van die gemeente. Vra die hulp van 'n ouer lidmaat of historikus in die gemeente. Dit het twee doelwitte: dit help die groep om 'n raamwerk te hê om vandaan te werk én dit help die historici om nie die gesprek te domineer nie.

2. Verdeel 'n "storiemuur" (op 'n blaaibord) vertikaal in hooftydperke aan die hand van dié storielyn: bv afstigting en vestiging, bloeitydperk, vanjaar. Daar kan ook twee bloeitydperke wees.

3. Verdeel dit ook horisontaal in drie areas: breë konteks (gemeenskap, kultuur, breë kerk), gemeenteroeping (roepingsverstaan – dink aan naam, plek, geboue, personeel, programme), gemeente grootte (in verhouding met konteks en roeping). Dit lyk dan min of meer as volg:

LW hierdie tabulering is 'n voorbeeld wat nie slaafs gevolg moet word in elke omstandighede nie. Daar behoort met die betrokke groep oorleg gepleeg te word om 'n toepaslike indeling te ontwikkel.

	Afstigting en vestiging	Bloei-tydperk	Vanjaar
Breë konteks: • *gemeenskap*, • *kultuur*, • *breë kerk*.			
Gemeenteroeping • *naam*, • *plek*, • *gebou*, • *personeel*, • *programme*.			
Gemeente grootte in verhouding met: • *naam*, • *konteks en* • *roeping*.			

4. Deel die groep op sodat daar 'n goeie mengsel van ouer en jonger lidmate van die gemeente in drie groepe is. Een manier is om mense op te deel volgens die aantal jare wat hulle al in die gemeente is. Nommer dan 1,2,3,1,2,3,1,2,3 (of soveel tydperke as wat jy ingedeel het) en vorm die groepe van 1's, 2's en 3's. Dit gee 'n goeie mengsel van ouderdomme en lidmaatskap.

5. Gee aan elke groep 'n tydperk om op te fokus met die volgende opdrag: *Vertel vir mekaar verhale van die wyse waarop die gemeente oor hulle roeping gedink het in die spesifieke tydperk.* Herinner hulle daaraan dat dit hulle indrukke is wat tel en nie dit wat in argiefmateriaal geskrywe is nie. Deur die metodiek wil ons juis die betekenisse agterkom, wat mense aan die verhale heg.

6. Een persoon in die groep teken dié indrukke/betekenisse/verhale op die relevante plekke in die storiemuur aan.

7. Elke groep deel nou hulle indrukke met die groot groep. Notuleer kern indrukke op 'n gemeenskaplike "storiemuur".

8. Verken die betekenis van die indrukke in die groot groep (identiteitsvorming). Laat ouer lidmate/historikus perspektiewe byvoeg.

9. Omkring die probleem verhale én die hoopvolle (alternatiewe) verhale (al is dit min).

10. Gesels saam oor die impak wat 'n fokus op die probleem of hoopvolle verhale op die toekoms van die gemeente kan hê.

11. Gesels (en bid) saam oor die moontlikheid dat die hoopvolle verhale (voorkeurverhaal) God se alternatiewe verhaal kan word!

12. Skryf 'n verslag waarin die belangrikste bevindinge met almal in die gemeente gedeel word.

'n Paar perspektiewe

Juis omdat 'n mens in dié metodiek met indrukke werk, sou dit 'n fout wees om te dink dat met só 'n terugkyk na die verlede elke keer dieselfde perspektiewe oopbreek. Almal van ons wat die Bybel lees, weet dat dit gelukkig nie so eenvoudig is nie, want ons onthou word weer bepaal deur die perspektief van die hede. Dink maar hoe nuut die geskiedenis skielik geword het met die koms van die demokratiese Suid-Afrika. Dit is dus 'n **dinamiese interaksie tussen hede en verlede** waar die nuwe konteks van die hede help skryf aan die verhaal van die verlede en dit op sy beurt weer nuwe en ook alternatiewe betekenis gee aan die hede.

Ideologisering vind plaas wanneer hierdie proses nie vrylik kan plaasvind nie, maar beheer word deur een of ander meester narratief wat in der waarheid voorskryf oor hoe die verlede gelees moet word. Behalwe dat dit natuurlik geweld doen aan die verlede en die veelheid van die moontlikhede van interpretasie, kan dit met die beste wil van die wêreld nie in stand gehou word nie, want 'n resitasie wat te veel opgesê word, verloor sy seggingskrag en aantrekkingskrag en daar word uiteindelik uit verveling met die afgesaagde storie opgehou om dit nog 'n keer te vertel.

Wanneer die dinamiese interaksie tussen hede en verlede plaasvind, spring daar 'n vonk oor na die toekoms en word nuwe alternatiewe visioene van die toekoms oopgesluit. Waneer die verhaal van die geloofsgemeenskap vertel word met 'n minimum van doelbewuste manupilasie om 'n bepaalde standpunt te dien, ontstaan daar nuwe insig en betekenis wat nog nie voorheen bestaan het of raakgesien is nie, en kan daar met behulp van die herinneringe van die verlede en die ervarings van die hede gedroom word oor 'n nuwe toekoms.

Die verhale van die bannelinge in die Bybel is uitstekende voorbeelde hiervan. Wanneer hulle gekonfronteer word met 'n byna ondraaglike hede word daar uit die verlede verhale opgediep wat as inspirasie dien vir die verstaan van die hede en die toekoms. Dit is trouens die verhaal van die **profetiese tradisie**. Anders as sommige groepe se byna magiese verstaan van profesie, is profesie Bybels gesproke 'n tradisie met 'n diep en duidelike historiese oriëntasie (Breuggemann *Prophetic Imagination*). Dit is juis uit die *"hi-story"* wat die kritiese komponent na vore kom om die geloofsgemeenskap van die hede uit te daag om hulle verhaal nie te vergeet nie. In die woorde van Julian Müller: *"Om te onthou is om tot verhaal te kom".*

Tot verhaal kom in ons Suid-Afrikaanse situasie, moet egter baie eerlik geskied. Dikwels is die versoeking groot in die eerste vertel van sulke verhale, om die skandes wat daarin opgesluit lê, te vermy. Kortom gestel: ons vier maklik ons oorwinnings en begrawe ons skandes.

Tot verhaal kom in ons Suid-Afrikaanse situasie, moet egter baie **eerlik** geskied. Dikwels is die versoeking groot in die eerste vertel van sulke verhale, om die skandes wat daarin opgesluit lê, te vermy. Kortom gestel: ons vier maklik ons oorwinnings en begrawe ons skandes.

Maar dis juis wanneer ons ons skandes verberg wat dit 'n sonsverduistering van hoop tot gevolg het. Daarom moet ál die verhale van die verlede vertel word – die probleemverhale én die alternatiewe hoopvolle verhale – om tot die regte verstaan van die hede te kom. Só kry ons ore om God se alternatiewe verhaal reg te kan hoor en kan die alternatiewe verhaal die nuwe verhaal van die geloofsgemeenskap word.

Maar dis juis wanneer ons ons skandes verberg wat dit 'n sonsverduistering van hoop tot gevolg het. Daarom moet ál die verhale van die verlede vertel word – die probleemverhale én die alternatiewe hoopvolle verhale – om tot die regte verstaan van die hede te kom. Só kry ons ore om God se alternatiewe verhaal reg te kan hoor en kan die alternatiewe verhaal die nuwe verhaal van die geloofsgemeenskap word.

Sonder al hierdie verhale kan geen gemeenskap egter geskep of instand gehou word nie. Die effek hiervan op dele van die geloofsgemeenskap van die NG Kerk is duidelik sigbaar. Die skande van die verhaal met apartheid is in baie gevalle so pynlik dat die gemeenskap moeite vind om mense by mekaar te hou.

Pogings om 'n nuwe identiteit te skep sonder om met moed die skandes in die oë te kyk, sal kosmeties bly omdat dit dan die geloofsgemeenskap beroof van die belangrikste gemeenskapskeppende kapasiteit van sy verhaal.

Wanneer sommige verhale vermy word, gebeur daar meer as net 'n verlies aan gemeenskapskeppende identiteit. Daar vind ook 'n verlies aan getuienis plaas. Wanneer die skande van die verlede nie verwerk word nie, vind daar 'n privatisering van die geloofsgemeenskap plaas (Fowler *Faithful Change*). Dit ontbreek die geloofsgemeenskap eenvoudig die moed van hulle oortuiging om in die publieke arena getuienis te lewer.

Oorlewing word dan die missie van die geloofsgemeenskap. Hoewel min gemeentes dit amptelik sal erken, word dit duidelik wanneer hulle besluite neem, dat oorlewing die dominante motivering geword het. Die ironie is dat hierdie privatisering van die lewe en die getuienis van die geloofsgemeenskap juis kontraproduktief tot die herstel van hulle selfwaarde is. Dit is alleen indien die gemeente kan uitbreek uit hulle ghetto dat die moontlikheid bestaan dat hulle weer hoop kan begin sien.

Volgende keer ... Hoe werk ons met verhale?